

**HERSIENE REGLEMENT**

**van die**

**GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS**

**SERTIFIKAAT**

Hiermee word gesertifiseer dat:

(i) hierdie reglement die hersiene reglement van die GKSA Predikante Pensioenfonds is wat, met ingang van 1 Julie 2007 die vorige reglement van die FONDS vervang en dat alle voordele kragtens hierdie hersiene reglement voorsien sal word,

(ii) die besluit om hierdie hersiene reglement as die reglement van die FONDS te aanvaar in ooreenstemming met die bepalinge van die reglement geneem is te

..... op hierdie ..... dag van

..... 20 ....

1. ....  
VOORSITTER: RAAD VAN TRUSTEES

1. ....  
GETUIE

2. ....  
TRUSTEE

2. ....  
GETUIE

3. ....  
HOOFBEAMPTE

3. ....  
GETUIE

Onderteken namens die KERKE te ..... op hierdie ..... dag van

..... 20....

1. ....  
NAMENS : KERKE

1. ....  
GETUIE

.....  
HOEDANIGHEID

<b>REËL</b>	<b>INHOUDSOPGAWE</b>	<b>BLADSY</b>
<b>1.</b>	<b>INLEIDING.....</b>	<b>5</b>
1.1	AANHEF .....	5
1.2	NAAM EN AANVANGSDATUM.....	5
1.3	DOELSTELLINGS .....	5
1.4	STATUS.....	5
1.5	GEREGISTREERDE KANTOOR .....	5
<b>2.</b>	<b>WOORDBEPALINGS.....</b>	<b>5</b>
<b>3.</b>	<b>BESTUUR VAN FONDS .....</b>	<b>10</b>
3.1	TRUSTEES.....	10
3.2	MAGTE VAN DIE TRUSTEES .....	12
3.3	HOOFBEAMPTTE .....	13
3.4	TEKENMAGTE .....	13
3.5	REKENINGE.....	13
3.6	BANKREKENING .....	13
3.7	LOUDITEUR.....	13
3.8	BESTUURSKOSTE .....	13
3.9	PERSOONLIKE AANSPREKLIKHEID .....	13
3.10	GETROUHEIDSWAARBORG.....	13
3.11	REGISTRASIE EN BEWARING VAN SEKURITEITE.....	14
3.12	AKTUARIS EN AKTUARIËLE WAARDERING .....	14
3.13	PORTEFEULJEBESTUURDER .....	14
<b>4.</b>	<b>LIDMAATSKAP .....</b>	<b>14</b>
4.1	KWALIFISERING .....	14
4.2	BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP .....	15
4.3	BEWYS VAN OUDERDOM.....	15
4.4	LIDMAATSKAP VAN ANDER FONDSE.....	15
<b>5.</b>	<b>BYDRAES .....</b>	<b>15</b>
5.1	LIDBYDRAES .....	15
5.1.1	LOPENDE BYDRAES .....	15
5.1.2	AANVULLENDE BYDRAES .....	16
5.2	KERKRAADBYDRAES.....	16
5.3	BETALING VAN BYDRAES .....	16
5.4	BETALINGS AAN VERSEKERAARS OF PORTEFEULJE BESTUURDERS.....	16
5.5	RENTE OP LAAT OF ONVOLDOENDE BYDRAES.....	16
<b>6.</b>	<b>EMERITERINGSVOORDELE .....</b>	<b>17</b>
6.1	BY EMERITERING TOT VOOR OF OP DIE OUDERDOM 65 (VYF-EN-SESTIG) JAAR .....	17
6.2	LAAT EMERITERING.....	17
6.3	KONTANTOPSIE.....	17
6.4	AANKOOP VAN PENSIOEN.....	17
<b>7.</b>	<b>STERFTEVOORDELE NA EMERITERING .....</b>	<b>18</b>

<b>8.</b>	<b>STERFTEVOORDELE VOOR EMERITERING.....</b>	<b>18</b>
8.1	VOORDEEL INGEVAL VAN STERFTE VOOR OUDERDOM 65 (VYF-EN-SESTIG) JAAR .....	18
8.1.1	ENKELBEDRAG .....	18
8.1.2	GADEPENSIOEN .....	18
8.1.3	KINDERPENSIOEN.....	18
8.2	STERFTE OP OF NA OUDERDOM 65 (VYF-EN-SESTIG) JAAR.....	19
8.3	AANKOOP VAN PENSIOEN .....	19
8.4	VERSEKERING .....	19
8.5	MINIMUM VOORDEEL.....	19
<b>9.</b>	<b>UITDIENSTREDINGSVOORDELE .....</b>	<b>20</b>
9.1	KONTANTVOORDEEL .....	20
9.2	BEWARINGSVOORDEEL.....	20
9.3	UITGESTELDE VOORDEEL.....	20
9.4	VOORDEEL WAAR LID BEROEP WORD NA KERKVERBAND MET WIE DIE KERKE IN ENGER KORRESPONDENSIE STAAN .....	20
<b>10.</b>	<b>VOORDELE GEDURENDE TYDELIKE AFWESIGHEID.....</b>	<b>21</b>
<b>11.</b>	<b>ALGEMEEN.....</b>	<b>21</b>
11.1	ONVERVREEMBAARHEID VAN VOORDELE .....	21
11.2	GROTER VOORDELE .....	22
11.3	OORDRAGTE VAN OF NA ANDER FONDS .....	22
11.4	BETALING VAN VOORDELE.....	23
11.5	LAAT BETALING VAN VOORDELE .....	25
11.6	BETAALMIDDEL .....	25
11.7	GESKILLE EN KLAGTES.....	25
11.8	VERANDERING VAN REGLEMENT.....	25
11.9	BEGUNSTIGDES IS UITGESTELDE SKULDEISERS .....	25
11.10	INSAE TOT DOKUMENTE VAN DIE FONDS.....	25
11.11	DIENSVOORWAARDES ANDERSINS ONVERANDERD .....	25
11.12	GELDE VERSKULDIG AAN KERKRAAD OF FONDS.....	26
11.13	ONTBINDING EN SAMESMELTING.....	26
11.13.1	ONTBINDING .....	26
11.13.2	SAMESMELTING .....	27
11.14	ONOPGEëISDE VOORDELE .....	27

## REËL 1

### INLEIDING

#### 1.1 AANHEF

In hierdie reglement, tensy 'n teenstrydige bedoeling blyk, het woorde wat in die WET omskryf word maar wat nie in hierdie reglement omskryf word nie die betekenis wat aldus daaraan in die WET toegesê is en het woorde en uitdrukkinge wat die enkelvoud aandui ook op die meervoud betrekking en omgekeerd. Opskrifte en subopskrifte is slegs vir verwysingsdoeleindes en word nie by die uitleg van die reglement in ag geneem nie.

#### 1.2 NAAM EN AANVANGSDATUM

Die GKSA Predikante Pensioenfonds is op 1 Julie 1994 gestig. Met ingang van 1 Julie 2007 is die reglement van die FONDS hersien. Indien registrasie van hierdie hersiene reglement na 1 Julie 2007 plaasvind, word dit geag dat hierdie hersiene reglement op 1 Julie 2007 in werking getree het.

#### 1.3 DOELSTELLINGS

Die FONDS is gestig met die doel om die voordele wat in hierdie reglement omskryf word aan BEGUNSTIGDES te voorsien.

#### 1.4 STATUS

Die FONDS is 'n onafhanklike regspersoon wat apart van die BEGUNSTIGDES bestaan en wat regsbevoeg is om in eie naam as eiser of verweerder op te tree, roerende en onroerende eiendom te bekom, te besit en te vervreem, regte te bekom en verpligtinge aan te gaan.

#### 1.5 GEREGISTREERDE KANTOOR

Die geregistreerde kantoor van die FONDS is geleë te H/v Molen en Meyerstraat, Potchefstroom, 2520. Die FONDS se posadres is Posbus 20004, Noordbrug, Potchefstroom, 2522.

## REËL 2

### WOORDBEPALINGS

Tensy 'n teenstrydige bedoeling blyk, het die volgende woorde en uitdrukkinge die betekenis wat hieronder aan hulle toegeken word:

#### **AANVANGSDATUM**

1 Julie 1994;

#### **AFHANKLIKE**

'n Persoon soos gedefinieer in die WET;

#### **AKTUARIS**

'n Genoot van 'n instituut, fakulteit of vereniging van aktuarisse soos deur die REGISTRATEUR goedgekeur en ingevolge reël 3.12 as waardeerder aangestel;

#### **BEGUNSTIGDE**

Enige persoon wat ingevolge die reglement op voordele geregtig is;

**BELEGGINGSOPBRENGS**

Die koers soos bepaal deur die AKTUARIS en goedgekeur deur die TRUSTEES. Sodanige koers sal, waar van toepassing, aanwending vind in die vasstelling van voordele betaalbaar deur die FONDS en sal geld vir sodanige tydperke en met betrekking tot sodanige voordele as wat die TRUSTEES in oorleg met die AKTUARIS sal bepaal;

**BELEGGINGSPORTEFEULJE**

'n Beleggingsrekening wat namens die FONDS deur 'n VERSEKERAAR of 'n PORTEFEULJEBESTUURDER bedryf word en wat deur die TRUSTEES goedgekeur word vir doeleindes van die belegging van die bates van die FONDS;

**BENOEMDE**

Met betrekking tot 'n LID, 'n persoon, anders as 'n AFHANKLIKE, wat deur die LID skriftelik benoem is om ooreenkomstig reël 11.4 voordele by afsterwe van die LID te ontvang;

**BEREGTER**

Die Beregter vir Pensioenfondse aangestel ingevolge artikel 30C(1) van die WET;

**DATA- EN VERWERKINGSRESERWEREKENING**

'n Aparte rekening wat in die boeke van die FONDS geskep word, waarteen die volgende bedrae gedebiteer of gekrediteer word, in oorleg met die AKTUARIS, na gelang van die geval:

**Krediete**

- 'n aanvanklike balans soos op die FONDS se surplustoedelingsdatum, soos deur die TRUSTEES bepaal;
- die beskikbaarstelling van enige bedrae voortspruitend uit enige data- en/of verwerkingsgebeurlikhede wat van tyd tot tyd in die FONDS ontstaan;
- daardie gedeelte van die KERKRAAD-bydraes ingevolge reël 5.2.1 soos bereken deur die AKTUARIS, wat benodig word om die balans in hierdie rekening op 'n aanvaarbare vlak, te hou;
- enige addisionele bedrae wat benodig word om die FONDS teen ongunstige data- en/of verwerkingsgebeurlikhede te beskerm;
- enige bedrae oorgedra na hierdie rekening vanaf enige ander GOEDGEKEURDE FONDS, indien van toepassing; en
- BELEGGINGSOPBRENGS, soos van toepassing, op die kredietsaldo in hierdie rekening;

**Debite**

- die koste van enige moontlike data- en/of verwerkingsgebeurlikhede wat uit hierdie rekening befonds word; en
- die beskikbaarstelling as surplus in die FONDS van enige oortollige bedrag wat nie benodig word om die FONDS teen ongunstige data- en/of verwerkingsgebeurlikhede te beskerm nie, soos aanbeveel deur die AKTUARIS;

Met dien verstande dat in die geval van volle ontbinding van die FONDS ingevolge reël 11.13.1, enige oorblywende kredietbalans in die DATA- EN VERWERKINGSRESERWEREKENING, verdeel word tussen al die LEDE;

**EMERITEER OF EMERITERING**

Wanneer 'n LID ophou om aktief in diens van die KERKRAAD te wees en geregtig word op 'n JAARGELD wat hy vanaf 'n VERSEKERAAR ingevolge reël 6.4 aankoop;

**EMERITEERDATUM**

Die dag wat volg op die datum waarop sodanige LID ophou om aktief in diens van die KERKRAAD te wees met die doel van EMERITERING;

**EMERITEEROUDERDOM**

Tussen die ouderdomme van 55 (vyf-en-vyftig) en 65 (vyf-en-sestig) jaar, met dien verstande dat die KERKRAAD goedkeuring moet verleen vir EMERITERING voor ouderdom 65 (vyf-en-sestig);

**FONDS**

GKSA Predikante Pensioenfonds;

**FONDSJAAR**

'n Tydperk van 12 (twaalf) maande of sodanige ander tydperk as wat die REGISTRATEUR goedkeur, wat op die FONDSVERJAARDAG 'n aanvang neem en op die dag voor die daaropvolgende FONDSVERJAARDAG eindig;

**FONDSVERJAARDAG**

Die eerste dag van Julie van elke jaar;

**GEREGTIGDE GADE**

Die eggenote van 'n oorlede LID, wat tot bevrediging van die TRUSTEES bewys voorlê dat, op datum van sodanige LID se afsterwe sodanige persoon getroud was met die oorlede LID;

**GEREGTIGDE KIND**

Die kind van 'n LID, met inbegrip van:

- (a) 'n postume kind; of
- (b) 'n stiefkind; of
- (c) 'n wettig aangenome kind;

wat na mening van die TRUSTEES, onmiddellik voor die LID se dood van die LID vir finansiële ondersteuning afhanklik was, met dien verstande dat sodanige kind:

- (i) onder die ouderdom van 18 (agtien) jaar is; of
- (ii) onder die ouderdom van 26 (ses-en-twintig) jaar en wat onmiddellik voor die LID se dood 'n voltydse student was aan 'n tersiêre opleidingsentrum van openbare aard en wat deur die TRUSTEES goedgekeur is; of
- (iii) permanent nie instaat is om homself/haarself te onderhou nie as gevolg van 'n fisiese of verstandelike swakheid;

**GOEDGEKEURDE FONDS**

'n Fonds wat deur die KOMMISSARIS ingevolge die bepalings van die INKOMSTEBELASTINGWET erken of goedgekeur is as 'n pensioenfonds, 'n voorsorgfonds of 'n uitredingsannuïteitsfonds en met betrekking waartoe 'n LID aan die aanneembaarheidsvereistes vir toelating tot lidmaatskap daarvan voldoen; met dien verstande dat, indien sodanige fonds deur die KOMMISSARIS as 'n bewaringspensioenfonds goedgekeur is in ooreenstemming met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se Praktyknota RF 1/98 en enige daaropvolgende wetgewing of statutêre praktyk, moet die KERKRAAD 'n reeds toegelate deelnemende KERKRAAD aan sodanige bewaringsfonds wees;

**HOOFBEAMPTE**

Die persoon wat ingevolge reël 3.3 aangestel is;

**INKOMSTEBELASTINGWET**

Die Inkomstebelastingwet 1962 (Wet 58 van 1962) soos gewysig;

**KERKE**

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika;

**KERKRAAD**

Die kerkraad wat by elke gemeente van die KERKE bestaan en waar die LID as PREDIKANT bevestig is;

**KOMMISSARIS**

Die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;

**LID/LEDE**

'n Persoon/persone wat ingevolge die bepalings van hierdie reglement tot lidmaatskap van die FONDS toegelaat is en wat nog nie opgehou het om 'n LID/LEDE te wees ingevolge die bepalings van hierdie reglement nie, met inbegrip van 'n persoon wat ingevolge reël 10 tydelik afwesig is;

**ONGESKIKTHEIDSINKOMSTESKEMA**

'n Aparte skema wat deur die KERKE bedryf word om ongeskiktheidsinkomste aan LEDE te voorsien;

**OUDITEUR**

'n Ouditeur wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 1991 (Wet 80 van 1991) soos gewysig, geregistreer is en ingevolge reël 3.7 aangestel is;

**PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT**

Sodanige traktement wat deur die KERKRAAD in berekening gebring word by die vasstelling van die LID se bydraes en voordele onder die FONDS.

Die LID se PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT word bepaal wanneer lidmaatskap 'n aanvang neem en daarna op die eerste dag van enige maand wat saamval met of onmiddellik volg op die datum van enige aanpassing aan die LID se PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT.

Ingeval van 'n vermindering in die PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT van 'n LID, mag die LID, met die toestemming van die KERKRAAD en die TRUSTEES, kies om die hoër PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT soos van toepassing onmiddellik voor die vermindering te behou, en sal alle bydraes en voordele op sodanige vorige hoër PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT gebaseer wees;

**PORTEFEULJEBESTUURDER**

'n Instelling wat ingevolge die bepalings van artikel 13B van die WET deur die REGISTRATEUR as 'n aftreefondsadministreerder goedgekeur is en wat ingevolge sodanige goedkeuring gemagtig is om die belegging van aftreefondsbates te administreer en wat ingevolge reël 3.13 aangestel word;

**PREDIKANT/E**

Enige persoon wat tot die evangeliebediening in die KERKE toegelaat word en wat nie voordele ingevolge hierdie reglement betaalbaar ontvang nie;



**REGISTRATEUR**

Die Registrateur van Pensioenfondse wat ingevolge die Wet op die Raad op Finansiële Dienste 1990 (Wet 97 van 1990) soos gewysig, aangestel is;

**PERSOONLIK REKENING**

Ten opsigte van elke LID, 'n bedrag soos deur die AKTUARIS bepaal, gelyk aan die totale bydraes wat deur en ten opsigte van die LID tot die FONDS gemaak is, uitgesluit die bydraes toegewys aan die DATA- EN VERWERKINGSRESERWEREKENING en die RISIKO RESERWEREKENING, aangepas op 'n regverdigte grondslag deur die AKTUARIS, met betrekking tot:

- die BELEGGINGSOPBRENGS;
- die koste van bestuur van die FONDS; en
- enige surplusse of tekorte wat van tyd tot tyd in die FONDS ontstaan het;"

**RESERWEREKENING VIR KOSTE TEN OPSIGTE VAN SURPLUSTOEDELING**

'n Aparte rekening wat in die boeke van die FONDS geskep word, waarteen die volgende bedrae gedebiteer of gekrediteer word, in ooreenstemming met die AKTUARIS, na gelang van die geval:

**Krediete**

- 'n aanvanklike balans soos op die FONDS se surplustoedelingsdatum, soos deur die TRUSTEES bepaal; en
- BELEGGINGSOPBRENGS op die kredietsaldo in hierdie rekening;

**Debite**

- die koste van die surplustoedelingsoefening en/of enige ander verwante oefening wat uit hierdie rekening betaal word; en
- enige oortollige bedrag wat nie benodig word om die koste van die surplustoedelingsoefening en/of enige ander verwante oefening te betaal nie;"

**RISIKO RESERWEREKENING**

'n Aparte rekening wat in die boeke van die FONDS geskep word, waarteen die volgende bedrae gedebiteer of gekrediteer word, in ooreenstemming met die AKTUARIS, na gelang van die geval:

**Krediete**

- 'n aanvanklike balans soos op die FONDS se surplustoedelingsdatum, soos deur die TRUSTEES bepaal;
- die waarde van 'n oorlede LID se PERSOONLIK REKENING in die FONDS soos op die datum van sodanige LID se sterfte;
- die versekerde bedrag wat deur die VERSEKERAAR ingevolge reël 8 aan die FONDS betaal is;
- die KERKRAAD-bydraes, soos bereken deur die AKTUARIS, wat benodig word om die balans in hierdie rekening op 'n aanvaarbare vlak te hou;
- enige addisionele bedrae wat benodig word om die FONDS teen enige ongunstige sterftegebeurlikhede te beskerm;
- enige bedrae oorgedra na hierdie rekening vanaf enige ander GOEDGEKEURDE FONDS, indien van toepassing; en
- BELEGGINGSOPBRENGS op die kredietsaldo in hierdie rekening;

**Debite**

- die versekeringskoste van die sterftevoordele ingevolge reël 8;
- die waarde van die sterftevoordele, soos bereken deur die AKTUARIS, wat ingevolge reël 8 betaalbaar is; en
- enige oortollige bedrag wat nie benodig word om die FONDS teen sterftegebeurlikhede te beskerm nie, word as surplus in die FONDS vrygestel;

Met dien verstande dat in die geval van ontbinding van die FONDS ingevolge reël 11.13.1, enige oorblywende kredietbalans in die RISIKO RESERWEREKENING, verdeel word tussen al die LEDE;”

#### **SINODE**

Die Sinode van die KERKE;

#### **TRUSTEES**

Die persone aangestel of verkies as sodanig ingevolge reël 3.1.2;

#### **VASGESTELDE DATUM**

Die AANVANGSDATUM, maar met betrekking tot enige KERKRAAD wat na sodanige datum tot die FONDS toegelaat word, beteken dit die datum waarop sodanige KERKRAAD tot die FONDS toegelaat word;

#### **VERSEKERAAR**

'n Versekeraar wat ingevolge die Langtermyn Versekeringswet 1998 (Wet 52 van 1998) soos gewysig, geregistreer is om langtermyn versekeringsbesigheid te bedryf;

#### **WET**

Die Wet op Pensioenfondse 1956 (Wet 24 van 1956), soos gewysig, en die regulasies wat daaronder uitgevaardig is.

### **REËL 3**

#### **BESTUUR VAN FONDS**

##### **3.1 TRUSTEES**

3.1.1 Die TRUSTEES of hul sekundi is verantwoordelik vir die bestuur van die FONDS en verrig alle nodige handeling vir en namens die FONDS.

3.1.2 Die TRUSTEES bestaan uit 8 (agt) persone, van wie 4 (vier), wat nie LEDE van die FONDS mag wees nie, deur die SINODE benoem word tydens elke sitting van die SINODE en 4 (vier) deur die LEDE uit hul geledere verkies word, in 'n verkiesing wat vir hierdie doel gereël is deur die TRUSTEES, welke verkiesing gedurende die 3 (drie) maande wat elke sitting van die SINODE voorafgaan, gehou sal word. Dertig (30) dae voor die vasgestelde verkiesingsdatum, word kandidate genomineer, welke nominasies die instemming van die onderskeie kandidate moet dra. Verkiesing geskied dan per stembrief.

Die SINODE stel 2 (twee) sekundi aan vir die totale aantal TRUSTEES wat deur die SINODE aangestel word.

Die TRUSTEES deur die LEDE verkies is die genomineerdes wie die hoogste aantal stemme per vakature in die verkiesing behaal. Die sekundi vir die TRUSTEES deur die LEDE verkies is sodanige 2 (twee) genomineerdes wat die tweede hoogste aantal stemme per vakature in die verkiesing behaal het.

Die SINODE en die LEDE het die reg om 'n TRUSTEE of sekundus onderskeidelik deur hulle aangestel en verkies te vervang. Met betrekking tot 'n TRUSTEE of sekundus wat deur die LEDE verkies is, mag sodanige TRUSTEE of sekundus van die amp onthef word voor die verstryking van die ampstermyn indien 'n skriftelike versoek tot die effek, ondersteun deur 75% van die LEDE, aan die TRUSTEES voorgelê word. Die bepalings van reël

- 3.1.10 is van toepassing op 'n vakature wat ingevolge hierdie bepaling onder die TRUSTEES ontstaan.
- 3.1.3 Die TRUSTEES verkies die voorsitter van die TRUSTEES uit eie geledere. In geval van afwesigheid van die voorsitter van die TRUSTEES by enige vergadering, stel die TRUSTEES wat by die betrokke vergadering teenwoordig is 'n voorsitter uit hul eie geledere aan.
- 3.1.4 'n Kworum van die TRUSTEES bestaan uit 5 (vyf) TRUSTEES met dien verstande dat ten minste 3 (drie) TRUSTEES deur die LEDE verkies, op die vergadering teenwoordig is. Die kworum is gemagtig om alle nodige handelingte namens die FONDS te verrig ten spyte van enige vakature onder die TRUSTEES. By alle vergaderings is die besluit van die meerderheid bindend.
- 3.1.5 Die TRUSTEES hou op om TRUSTEES te wees wanneer hulle ophou om LEDE te wees of wanneer hulle ampstermyn verstryk, welke ookal die vroegste plaasvind.
- 3.1.6 Onderhewig aan reëls 3.1.2 en 3.1.9, beklee die TRUSTEES deur die LEDE verkies of hul sekundi hulle amp vir 'n tydperk vanaf die verstryking van die eersvolgende SINODE-sitting na die verkiesing tot-en-met die verstryking van die sitting van die daaropvolgende SINODE. 'n TRUSTEE wat ophou om die amp te beklee as gevolg van die verstryking van die ampstermyn is herverkiesbaar deur die LEDE. Drie (3) maande voor die tyd waarop sodanige ampstermyn verstryk, moet nominasies wat die genomineerde se toestemming dra, gemaak word. Die bepalings van reël 3.1.2 is dan van toepassing op die verkiesing van nuwe TRUSTEES.
- 3.1.7 Die TRUSTEES deur die SINODE aangestel, beklee hulle amp tot-en-met die sitting van elke daaropvolgende SINODE; met dien verstande dat hulle heraangestel mag word by verstryking van hulle ampstermyn.
- 3.1.8 Die TRUSTEES stel 'n sekretaris aan wat nie 'n TRUSTEE of LID hoef te wees nie.
- 3.1.9 Enige TRUSTEE hou op om as sodanig op te tree:
- \* indien die FONDS ontbind word, onderworpe egter aan die bepalings van reël 11.13; of
- indien sodanige TRUSTEE:
- \* ophou om 'n TRUSTEE te wees in terme van reël 3.1.2, 3.1.5, 3.1.6, 3.1.7 of 3.1.11; of
  - \* bedank deur die voorsitter skriftelik kennis te gee; of
  - \* handelingsonbevoeg raak; of
  - \* se boedel gesekwestreer of oorgegee word tot voordeel van skuldeisers; of
  - \* skuldig bevind word aan diefstal, bedrog, vervalsing of enige dergelike misdaad; of
  - \* uit 'n vertrouensamp ontslaan word op grond van wangedrag; of
  - \* versuim om 3 (drie) agtereenvolgende vergaderings van die TRUSTEES by te woon sonder verskoning; of
  - \* op enige aanklag skuldig bevind word en veroordeel word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; of
  - \* onbevoeg raak om 'n direkteur van 'n maatskappy kragtens die Maatskappy Wet 1973 (Wet 61 van 1973 soos gewysig) te wees.
- 3.1.10 'n Toevallige vakature onder die TRUSTEES word gevul deur:
- \* 'n sekundus, in geval van 'n TRUSTEE, of
  - \* 'n plaasvervanger aangestel deur die oorblywende TRUSTEES, in geval van 'n sekundus;
- met dien verstande dat sodanige sekundus of plaasvervanger ophou om die amp van TRUSTEE of sekundus te beklee by verstryking van die ampstermyn van die persoon in wie se amp sodanige persoon aangestel is.

- 3.1.11 Die TRUSTEES vergader so gereeld as wat nodig is om sake van die FONDS te bedryf, maar minstens drie keer in elke FONDSJAAR. TRUSTEES moet ten minste 15 (vyftien) dae vooraf skriftelike kennisgewing van gewone vergaderings van die TRUSTEES ontvang. Reis- en verblyfkoste vir die bywoon van die vergaderings van die TRUSTEES word deur die FONDS betaal volgens die skaal wat deur die TRUSTEES van tyd-tot-tyd bepaal word.
- Indien 'n dooie punt bereik word as gevolg van 'n gelyke hoeveelheid stemme gedurende enige vergadering van die TRUSTEES, stel die TRUSTEES die onderhawige kwessie uit na die volgende vergadering van die TRUSTEES of na 'n spesiale vergadering wat saamgeroep word met die spesifieke doel om die kwessie waaroor die dispuut handel, te heroorweeg.
- Indien die kwessie waaroor die dispuut handel na heroorweging daarvan steeds onopgelos bly by gebrek aan ooreenstemming, word die kwessie deur middel van mediasie opgelos.
- 3.1.12 Enige TRUSTEE mag die voorsitter skriftelik versoek om 'n vergadering van TRUSTEES te belê om die aangeleenthede soos op die versoek uiteengesit te bespreek. Indien die voorsitter die versoek as redelik ag, belê die voorsitter so spoedig as moontlik sodanige vergadering; met dien verstande dat indien die versoek deur die meerderheid van die TRUSTEES gesteun word en die voorsitter versuim om sodanige vergadering te belê binne 30 (dertig) dae na ontvangs van die versoek, hulle 'n vergadering self kan belê nadat hulle die voorsitter van hulle besluit in kennis gestel het. Indien 'n kworum teenwoordig is, is die beslissing van die meerderheid bindend.
- 3.1.13 Notules van die vergaderings van die TRUSTEES word gehou. Op elke vergadering word die notule van die vorige vergadering deur die voorsitter van die vergadering en sodanige ander persone deur die TRUSTEES gemagtig ingevolge reël 3.4 onderteken nadat dit deur die vergadering goedgekeur is.
- 3.1.14 Die TRUSTEES mag verdere regulasies neerlê wat hul werkswyse bepaal; met dien verstande dat sodanige regulasies nie teenstrydig is met die bepalings van hierdie reglement, die WET en die INKOMSTEBELASTINGWET nie.

### 3.2 **MAGTE VAN DIE TRUSTEES**

Behoudens die bepalings van die WET is die TRUSTEES bevoeg om ingevolge hierdie reglement uitvoering te gee aan die doelstellings van die FONDS. Sonder om op enige wyse afbreuk te doen aan die algemene strekking van hierdie bepaling, besit die TRUSTEES die volgende bevoegdhede:

- \* om gelde van die FONDS te ontvang, te administreer en aan te wend;
- \* om 'n trust op te rig ten einde sterftevoordele ingevolge reël 11.4 te verdeel;
- \* om beleggings tot die voordeel van die FONDS volgens die beleggingsbeleid van die TRUSTEES te maak;
- \* om sodanige bedrae as wat in reël 11.12 beskryf word van 'n LID se voordele te verhaal in die omstandighede waarvoor sodanige reël voorsiening maak;
- \* om regulasies op te stel en terug te trek waarin voorgeskryf word hoe enige eise by die FONDS ingedien moet word en deur die FONDS behandel moet word;
- \* om namens die FONDS kontrakte aan te gaan, om enige regsgeding of regsproses deur die FONDS in te stel, deur te voer, te skik of te laat vaar en om enige regsgeding of regsproses teen die FONDS ingestel, te verdedig of te skik;
- \* om in die algemeen sodanige ander stappe of handeling te doen as wat bevorderlik is vir die verwesenliking van die doelwitte van die FONDS.

### 3.3 **HOOFBEAMPTE**

Die HOOFBEAMPTE van die FONDS word deur die TRUSTEES aangestel. Indien die HOOFBEAMPTE vir meer as 30 (dertig) dae uit die Republiek van Suid-Afrika afwesig is of andersins nie in staat is om 'n HOOFBEAMPTE se pligte uit te voer nie, stel die TRUSTEES 'n waarnemende of nuwe HOOFBEAMPTE aan. Die TRUSTEES stel die REGISTRATEUR van die naam van die HOOFBEAMPTE in kennis.

### 3.4 **TEKENMAGTE**

Die TRUSTEES mag 'n persoon of persone van tyd tot tyd magtig om sodanige kontrak of ander dokument wat die FONDS bind of enige dokument wat enige aksie namens die FONDS magtig te teken; met dien verstande dat enige dokument wat aan die REGISTRATEUR voorgelê moet word, op sodanige wyse as deur die WET voorgeskryf, geteken word.

### 3.5 **REKENINGE**

Die TRUSTEES sien toe dat sodanige rekeninge, inskrywings, registers en rekords as wat vir die behoorlike bestuur van die FONDS nodig is, gehou word. Die rekeningboeke word aan die einde van elke FONDSJAAR afgesluit en deur die OUDITEUR van die FONDS geaudit.

### 3.6 **BANKREKENING**

Die TRUSTEES reël dat 'n rekening in die naam van die FONDS by 'n geregistreerde bank oopgemaak word. Alle geld wat deur of namens die FONDS ontvang word, word in sodanige rekening gedeponeer.

### 3.7 **OUDITEUR**

Onderworpe aan die REGISTRATEUR se goedkeuring, stel die TRUSTEES 'n OUDITEUR aan. Sodanige aanstelling bly van krag vir 'n tydperk soos tussen die TRUSTEES en die OUDITEUR ooreengekom, tensy die TRUSTEES die aanstelling herroep of dit deur die OUDITEUR voor verstryking van die gemelde tydperk laat vaar word, welke ookal eerste plaasvind. Die OUDITEUR het toegang tot alle boeke, rekeninge, bewysstukke en ander dokumente met betrekking tot die FONDS en sertifiseer skriftelik die resultaat van elke audit.

### 3.8 **BESTUURSKOSTE**

Die FONDS dra alle koste voortspruitend uit die bestuur van die FONDS.

### 3.9 **PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID**

Die HOOFBEAMPTE, die TRUSTEES en enige ander beampte van die FONDS is nie persoonlik aanspreeklik vir enige skade gely deur die KERKRAAD, die FONDS of die BEGUNSTIGDES nie, selfs al is sodanige skade die resultaat van sodanige beampte se optrede; met dien verstande dat sodanige skade nie uit sodanige beampte se nalatigheid, oneerlikheid of bedrog ontstaan nie en sodanige optrede in ooreenstemming is met die reglement van die FONDS.

### 3.10 **GETROUHEIDSWAARBORG**

3.10.1 Die TRUSTEES moet versekering bekom vir sodanige bedrag as wat hulle as voldoende beskerming ag teen verliese as gevolg van nalatigheid, oneerlikheid of bedrog van enige van die FONDS se beamptes (insluitende die TRUSTEES en die HOOFBEAMPTE) wat geld van die FONDS ontvang, beheer of hanteer.

3.10.2 Die TRUSTEES verseker dat die PORTEFEULJEBESTUURDER versekering bekom en behou om die FONDS voldoende skadeloos te stel teen verliese wat mag ontstaan as gevolg van die nalatigheid, oneerlikheid of

bedrog van enige persoon wat deur sodanige PORTEFEULJEBESTUURDER in diens gestel is, na gelang van die geval.

### 3.11 **REGISTRASIE EN BEWARING VAN SEKURITEITE**

Alle titelbewyse en sekuriteite van die FONDS word in die naam van die FONDS of in die naam van 'n benoemde maatskappy deur die REGISTRATEUR goedgekeur, geregistreer. Geen sekuriteit word oorgedra, gewysig, van afstand gedoen, of andersins vervreem nie behalwe met die skriftelike goedkeuring van die TRUSTEES. Die titelbewyse in verband met enige belegging of bate van die FONDS word na die diskresie van die TRUSTEES in veilige bewaring gehou by:

- \* die geregistreerde kantoor van die FONDS, of
- \* die kantoor van die Administratiewe Buro van die KERKE, of
- \* die geregistreerde kantoor van 'n benoemde maatskappy wat bates namens die FONDS hou, of
- \* 'n bank of PORTEFEULJEBESTUURDER deur die REGISTRATEUR goedgekeur, of
- \* 'n deponisionemende instelling deur die REGISTRATEUR goedgekeur.

### 3.12 **AKTUARIS EN AKTUARIËLE WAARDERING**

3.12.1 Onderworpe aan die REGISTRATEUR se goedkeuring, stel die TRUSTEES 'n AKTUARIS vir die FONDS aan. Sodanige aanstelling bly van krag vir 'n tydperk soos tussen die TRUSTEES en die AKTUARIS ooreengekom. Die TRUSTEES laat rekords hou wat aktuariële berekeninge te eniger tyd moontlik maak.

3.12.2 Die FONDS word ten minste 1 (een) maal elke 3 (drie) jaar gewaardeer om die finansiële stand daarvan te bepaal. 'n Afskrif van die AKTUARIS se verslag word aan die REGISTRATEUR voorgelê binne 'n tydperk soos deur die WET voorgeskryf. 'n Afskrif van sodanige verslag word ook aan die KERKRAAD verskaf.

### 3.13 **PORTEFEULJEBESTUURDER**

Die TRUSTEES mag 'n PORTEFEULJEBESTUURDER aanstel om enige nodige handelinge uit te voer met betrekking tot beleggings namens die FONDS. Sodanige aanstelling bly van krag vir 'n tydperk soos tussen die TRUSTEES en die PORTEFEULJEBESTUURDER ooreengekom, tensy die TRUSTEES die aanstelling herroep of dit deur die PORTEFEULJEBESTUURDER voor verstryking van die gemelde tydperk laat vaar word, of sodra sodanige PORTEFEULJEBESTUURDER ophou om as sodanig goedgekeur te wees ingevolge die Wet op Beheer van Effektebeurse 1985 (Wet 1 van 1985), welke ookal eerste plaasvind.

## **REËL 4**

### **LIDMAATSKAP**

#### 4.1 **KWALIFISERING**

4.1.1 Enige persoon kwalifiseer vir lidmaatskap van die FONDS op die datum waarop sodanige persoon 'n PREDIKANT word; met dien verstande dat die persoon op sodanige datum nog nie die ouderdom van 60 (sestig) jaar bereik het nie.

4.1.2 Alle PREDIKANTE wat op die VASGESTELDE DATUM in diens is, het 'n eenmalige, onherroeplike opsie om LEDE te word op sodanige datum of binne 12 (twaalf) maande van sodanige datum. Indien enige sodanige

PREDIKANT nie by die FONDS aansluit binne die gestipuleerde 12 (twaalf) maande tydperk nie, verbeur die PREDIKANT die reg om 'n LID te word.

- 4.1.3 Enige persoon wat op of na die VASGESTELDE DATUM 'n PREDIKANT geword het en wat vir lidmaatskap kwalifiseer word 'n LID op die datum waarop sodanige persoon ingevolge reël 4.1.1 vir lidmaatskap kwalifiseer.

#### 4.2 **BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

'n LID se lidmaatskap staak:

- \* by die LID se sterfte; of
  - \* wanneer die LID ophou om aktief in diens van die KERKE te wees, tensy die LID geregtig bly op 'n voordeel wat betaalbaar is deur die FONDS ingevolge hierdie reglement of die reglement van die ONGESKIKTHEIDSINKOMSTESKEMA; of
  - \* by ontbinding van die FONDS,
- watter gebeurtenis ookal eerste plaasvind.  
Met dien verstande dat 'n LID nie vrywillig lidmaatskap mag beëindig indien die LID aktief in diens van die KERKE bly nie.

#### 4.3 **BEWYS VAN OUDERDOM**

Die TRUSTEES het die reg om aanvaarbare bewys van ouderdom te vereis met betrekking tot enige BEGUNSTIGDE of oorlede LID, en die FONDS is nie verplig om voordele aan of met betrekking tot sodanige BEGUNSTIGDE of oorlede LID te betaal totdat sodanige bewys voorgelê is nie.

#### 4.4 **LIDMAATSKAP VAN ANDER FONDSE**

'n LID wat in sy werk as PREDIKANT verplig word om aan 'n ander pensioen- of voorsorgfonds te behoort, se lidmaatskap van die FONDS word beëindig. Sy PERSOONLIKE REKENING word in die FONDS gehou en word uitbetaal by een van die volgende gebeurlikhede:

- 4.4.1 By EMERITERING wanneer daar ingevolge Reël 6 gehandel word.
- 4.4.2 By DIENSBEEËINDIGING voor EMERITEEROUDERDOM wanneer daar ingevolge Reël 9 gehandel word.
- 4.4.3 By dood voor EMERITEEROUDERDOM wanneer daar ingevolge Reël 8 gehandel word.
- 4.4.4 Indien die LID voor EMERITEEROUDERDOM uit die ander fonds soos hierbo tree en sonder onderbreking weer tot die FONDS toetree, sal sy lidmaatskap weer hervat word.

## **REËL 5**

### **BYDRAES**

#### 5.1 **LIDBYDRAES**

##### 5.1.1 **LOPENDE BYDRAES**

'n LID dra maandeliks 7,5% van die LID se maandelikse PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT tot die FONDS by; met dien verstande dat 'n bydrae wat namens 'n LID in ontvangs van 'n ongeskiktheidsinkomstevoordeel vanaf die ONGESKIKTHEIDSINKOMSTESKEMA of die ondersteuningsfonds deur die KERKE daargestel vir die voordeel van LEDE gemaak word, gereken word as 'n bydrae wat deur die LID persoonlik gemaak is.

### 5.1.2 AANVULLENDE BYDRAES

'n LID mag enige enkelbedragvoordeel voortspruitend uit die LID se lidmaatskap van 'n ander GOEDGEKEURDE FONDS na die FONDS oordra en mag bykomende bydraes tot die FONDS maak.

Sodanige aanvullende bydraes word aangewend om die LID se PERSOONLIK REKENING te verhoog.

## 5.2 KERKRAADBYDRAES

5.2.1 Die KERKRAAD dra maandeliks ten opsigte van elke LID 12,5% van die LID se maandelikse PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT, minus die koste van die bydraes tot die ONGESKIKTHEIDSINKOMSTESKEMA, tot die FONDS by.

Die KERKRAAD-bydraes sluit in die bedrae, soos deur die AKTUARIS bereken, wat benodig word om die balans in die DATA- EN VERWERKINGSRESERWEREKENING, asook die balans in die RISIKO RESERWEREKENING, op 'n aanvaarbare vlak, soos deur die AKTUARIS bepaal, te hou.

5.2.2 Indien enige KERKRAAD se deelname in die FONDS na die AANVANGSDATUM begin, of indien lede van 'n ander GOEDGEKEURDE FONDS as gevolg van oornome of samesmelting in die FONDS opgeneem word, mag die TRUSTEES na goeëdunke reëlings tref of voorwaardes stel, om te verseker dat die toelating van sodanige lede nie tot nadeel van bestaande LEDE sal wees nie en in besonder mag die TRUSTEES vereis dat die nuwe kerkraad of die KERKRAAD, na gelang van die geval, sodanige bydraes of aanvanklike bydrae aan die FONDS betaal as wat die AKTUARIS as voldoende sertifiseer.

5.2.3 Die KERKRAAD mag sodanige bykomende bydraes tot die FONDS maak as wat die AKTUARIS aanbeveel.

Nieteenstaande enigiets teenstrydig in hierdie reglement is die betaling van bydraes deur die KERKRAAD ingevolge reël 5.2.2 of 5.2.3 onderhewig aan vooraf goedkeuring deur die KOMMISSARIS.

## 5.3 BETALING VAN BYDRAES

Bydraes word tot die naaste sent afgerond. Die totale bydraes verskuldig deur die LEDE en die KERKRAAD word maandeliks vooruit in een bedrag deur die KERKRAAD aan die FONDS betaal; met dien verstande dat sodanige betaling binne 7 (sewe) dae na die verstryking van die tydperk ten opsigte waarvan die bydrae betaal word, aan die FONDS oorbetaal word.

Indien 'n LID se lidmaatskap voor die 15de (vyftiende) dag van 'n maand begin of op of na die 15de (vyftiende) dag van 'n maand beëindig word, word 'n volle bydrae vir die betrokke maand gemaak. Indien 'n LID se lidmaatskap op of na die 15de (vyftiende) dag van 'n maand begin of voor die 15de (vyftiende) dag van 'n maand beëindig word, word geen bydrae vir die betrokke maand gemaak nie.

## 5.4 BETALINGS AAN VERSEKERAARS OF PORTEFEULJEBESTUURDERS

Die FONDS betaal bedrae beskikbaar vir belegging ingevolge hierdie reglement aan 'n VERSEKERAAR of PORTEFEULJEBESTUURDER verantwoordelik vir die belegging van fondse binne 'n tydperk soos ooreengekom tussen die FONDS en die VERSEKERAAR of PORTEFEULJEBESTUURDER van tyd tot tyd.

## 5.5 RENTE OP LAAT OF ONVOLDOENDE BYDRAES

Die FONDS hef rente op bydraes wat laat ontvang is of wat nie ten volle betaal is nie teen 'n koers soos voorgeskryf in die WET.



**REËL 6****EMERITERINGSVOORDELE****6.1 BY EMERITERING TOT VOOR OF OP DIE OUDERDOM 65 (VYF-EN-SESTIG) JAAR**

'n LID wat op die EMERITEERDATUM EMERITEER, word vanaf sodanige datum geregtig op 'n pensioen vanaf 'n VERSEKERAAR gelykstaande in waarde aan die pensioen wat deur die LID se PERSOONLIK REKENING op die datum van EMERITERING aangekoop kan word.

**6.2 LAAT EMERITERING**

Indien die LID met die toestemming van die KERKRAAD na die EMERITEERDATUM in die diens van die KERKRAAD bly, word betaling van enige voordeel ten opsigte van die LID teruggehou totdat die LID werklik EMERITEER. 'n Maksimum ouderdom van 70 (sewentig) jaar geld. Bydraes deur en ten opsigte van die LID gaan voort tot die LID se werklike EMERITERING. Wanneer sodanige LID werklik EMERITEER, word die LID op daardie datum geregtig op 'n pensioen vanaf 'n VERSEKERAAR gelykstaande in waarde aan die pensioen wat deur die LID se PERSOONLIK REKENING op die datum van werklike EMERITERING aangekoop kan word.

**6.3 KONTANTOPSIE**

'n LID is geregtig om met die goedkeuring van die KERKRAAD by EMERITERING tot 'n maksimum van een derde van die LID se PERSOONLIK REKENING in 'n enkelbedragvoordeel te neem, met die voorbehoud dat indien die totale pensioen voor die neem van kontant wat vanaf 'n VERSEKERAAR aangekoop kan word minder is as die maksimum pensioen wat ingevolge statutêre maatreëls ten volle in kontant geneem mag word, die totale PERSOONLIK REKENING in kontant geneem sal word. Indien die geheel van die LID se PERSOONLIK REKENING in 'n enkelbedragvoordeel geneem word, word sodanige voordeel deur die FONDS aan die LID betaal waarna die FONDS geen verdere verpligting teenoor die voormalige LID het nie.

**6.4 AANKOOP VAN PENSIOEN**

6.4.1 Die pensioen waarop 'n LID ingevolge die bepalings van reëls 6.1 of 6.2 geregtig word, word vanaf 'n VERSEKERAAR van die LID se keuse aangekoop op die basis dat die LID eienaar word van die pensioen.

6.4.2 Wanneer 'n LID waarna in reël 6.4.1 verwys word EMERITEER, word die LID se PERSOONLIK REKENING in die FONDS soos op die datum van EMERITERING, min enige gedeelte daarvan wat ingevolge die bepalings van reël 6.3 in 'n enkelbedragvoordeel geneem is, deur die FONDS aangewend om 'n pensioen aan te koop soos in reël 6.4.1 bepaal.

6.4.3 Die jaarlikse bedrag van die LID se pensioen sowel as die bepalings wat op die betaling daarvan van toepassing is word onderling tussen die LID en die betrokke VERSEKERAAR ten tye van die aankoop daarvan ooreengekom.

6.4.4 Die aankoop van die LID se pensioen ingevolge hierdie reël is onderhewig aan die voorwaardes dat:

- sodanige pensioen 'n lewenslange pensioen in die naam van die LID of in die name van die LID en 'n BEGUNSTIGDE moet wees, of in die name van die LID en 'n persoon wat nie 'n BEGUNSTIGDE is nie. In laasgenoemde geval moet die KERKRAAD die pensioen goedkeur;
- sodanige pensioen of reg op sodanige pensioen nie verminder, oorgedra of andersins gesedeer, of verpand of met verband beswaar word nie, of ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n gereghof in beslag

- geneem word nie, behalwe tot die mate wat ingevolge die WET toegelaat word;
- sodanige pensioen nie in 'n enkelbedrag geneem mag word nie; en
  - die LID se PERSOONLIK REKENING in die FONDS, of die restant daarvan soos in reël 6.4.2 voorsien, wat vir die aankoop van 'n pensioen aangewend word soos in reël 6.4.1 bepaal, regstreeks deur die FONDS ten behoeve van die LID na die betrokke VERSEKERAAR oorgedra word, waarna die FONDS geen verdere verpligting teenoor die voormalige LID het nie.

## **REËL 7**

### **STERFTEVOORDELE NA EMERITERING**

Die voorwaardes met betrekking tot die betaling van sterftevoordele na EMERITERING ten opsigte van 'n LID wat ingevolge die bepalings van reël 6.4 'n pensioen by 'n VERSEKERAAR aankoop word onderling ooreengekom tussen die LID en die betrokke VERSEKERAAR wanneer sodanige pensioen aangekoop word.

## **REËL 8**

### **STERFTEVOORDELE VOOR EMERITERING**

Indien 'n LID wat nog nie ingevolge hierdie reglement GEËMERITEER het nie, te sterwe kom vind die volgende aanwending; met dien verstande dat bevredigende bewys van afsterwe van die LID aan die FONDS voorgelê word.

#### **8.1 VOORDEEL INGEVAL VAN STERFTE VOOR OUDERDOM 65 (VYF-EN-SESTIG) JAAR**

##### **8.1.1 ENKELBEDRAG**

'n Enkelbedrag gelyk aan 2 (twee) keer die LID se jaarlikse PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT op die datum van afsterwe word betaalbaar.

##### **8.1.2 GADEPENSIOEN**

Indien 'n LID te sterwe kom en 'n GEREKTIGDE GADE nalaat, word die GEREKTIGDE GADE op 'n pensioen vanaf 'n VERSEKERAAR wat aangekoop kan word met die waarde van 'n pensioen van 40% van die LID se jaarlikse PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT ten tye van afsterwe, soos deur die AKTUARIS bepaal, geregtig.

##### **8.1.3 KINDERPENSIOEN**

Indien 'n LID GEREKTIGDE KINDERS nalaat, word ten opsigte van die GEREKTIGDE KINDERS 'n jaarlikse kinderpensioen vanaf 'n VERSEKERAAR as volg aangekoop:

- a) Indien daar 'n gadepensioen ingevolge reël 8.1.2 betaal word, is elke GEREKTIGDE KIND op 'n pensioen vanaf 'n VERSEKERAAR wat aangekoop kan word met die waarde van 'n pensioen van 10% van die LID se jaarlikse PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT ten tye van afsterwe, soos deur die AKTUARIS bepaal, geregtig;
- b) Indien daar nie 'n gadepensioen ingevolge reël 8.1.2 betaal word nie, verdubbel die kinderpensioen ingevolge reël 8.1.3(a).

## 8.2 **STERFTE OP OF NA OUDERDOM 65 (VYF-EN-SESTIG) JAAR**

Indien 'n LID soos beskryf in reël 6.2 te sterwe kom op of na die ouderdom 65 (vyf-en-sestig) jaar en voordat die LID 'n pensioen ingevolge hierdie reglement ontvang, word sodanige LID geag om te GE-EMERITEER het op die datum van sterfte en die relevante bepalings van reël 6 en 7 sal aanwending vind; met dien verstande dat die maksimum toelaatbare bedrag ingevolge reël 6.3 in kontant geneem word.

## 8.3 **AANKOOP VAN PENSIOEN**

8.3.1 Die pensioen waarop 'n BEGUNSTIGDE ingevolge die bepalings van reëls 8.1.2 of 8.1.3 geregtig word, word vanaf 'n VERSEKERAAR van die KERKRAAD se keuse aangekoop op die basis dat die BEGUNSTIGDE eienaar word van die pensioen.

8.3.2 Die voordeel waarna in reëls 8.1.2 en 8.1.3 verwys word, word deur die FONDS aangewend om 'n pensioen aan te koop soos in reël 8.3.1 bepaal.

8.3.3 Die jaarlikse bedrag van die BEGUNSTIGDE se pensioen sowel as die bepalings wat op die betaling daarvan van toepassing is word onderling tussen die KERKRAAD en die betrokke VERSEKERAAR ten tye van die aankoop daarvan ooreengekom.

8.3.4 Die aankoop van die BEGUNSTIGDE se pensioen ingevolge hierdie reël is onderhewig aan die voorwaardes dat:

- sodanige pensioen 'n lewenslange pensioen in die naam van die BEGUNSTIGDE moet wees, of in die geval van kinderpensioene solank die BEGUNSTIGDE kwalifiseer as 'n GEREKTIGDE KIND;
- sodanige pensioen of reg op sodanige pensioen nie verminder, oorgedra of andersins gesedeer, of verpand of met verband beswaar word nie, of ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n geregshof in beslag geneem word nie, behalwe tot die mate wat ingevolge die WET toegelaat word;
- sodanige pensioen nie in 'n enkelbedrag geneem mag word nie; en
- die BEGUNSTIGDE se voordeel in die FONDS, soos in reël 8.3.2 voorsien, wat vir die aankoop van 'n pensioen aangewend word soos in reël 8.3.1 bepaal, regstreeks deur die FONDS ten behoeve van die BEGUNSTIGDE na die betrokke VERSEKERAAR oorgedra word, waarna die FONDS geen verdere verpligting teenoor die BEGUNSTIGDE het nie.

## 8.4 **VERSEKERING**

Die FONDS mag die voordele uiteengesit in reël 8.1.1, 8.1.2 en 8.1.3 by 'n VERSEKERAAR van die TRUSTEES se keuse verseker op die basis en tot die mate wat die AKTUARIS aanbeveel. Sou 'n VERSEKERAAR vir enige rede nie die voordele waarop 'n LID ingevolge hierdie reglement tot die mate soos deur die TRUSTEES bepaal geregtig is, ten volle betaal nie, het die TRUSTEES die reg om die LID se voordele te verminder; met dien verstande dat die verminderde voordele ten minste gelyk sal wees aan die LID se PERSOONLIK REKENING.

Die TRUSTEES stel die LID skriftelik in kennis van enige bepaling of beperking ingevolge hierdie reël ingestel.

## 8.5 **MINIMUM VOORDEEL**

Indien die totale waarde van die voordele wat betaalbaar word ingevolge reëls 8.1.1, 8.1.2 en 8.1.3, soos deur die AKTUARIS bepaal, by die afsterwe van 'n LID minder is as die LID se minimum individuele reserwe soos voorgeskryf in artikel 14B van die WET en soos bereken deur die AKTUARIS, word die genoemde voordeel verhoog, in sodanige verhoudings as wat die TRUSTEES mag goeddink, totdat die totale waarde van die voordele betaalbaar, gelyk is aan die LID se minimum individuele reserwe.

**REËL 9****UITDIENSTREDINGSVOORDELE**

Wanneer 'n LID voor bereiking van die EMERITEERDATUM die diens van die KERKRAAD verlaat en nie op enige ander voordeel kragtens die reglement geregtig is nie, word sodanige LID op een van die volgende voordele geregtig:

**9.1 KONTANTVOORDEEL**

'n Enkelbedrag gelyk aan die LID se PERSOONLIK REKENING soos op datum van uitdienstreding; waarna die voormalige LID geen verdere eis teen die FONDS het nie. Die voordeel moet binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing van uitrede saam met rente soos deur die AKTUARIS bepaal, betaal word.

**9.2 BEWARINGSVOORDEEL**

'n LID mag die TRUSTEES versoek om die volle of enige gedeelte van die voordeel waarop sodanige LID ingevolge reël 9.1 geregtig is namens die LID na 'n GOEDGEKEURDE FONDS van die LID se keuse oor te dra. In sodanige geval dra die FONDS die voordeel wat ingevolge reël 9.1 beskikbaar is, of enige gedeelte daarvan direk na sodanige GOEDGEKEURDE FONDS namens die LID oor, waarna die LID geen verdere eis teen die FONDS het nie.

Enige sodanige oordrag na 'n GOEDGEKEURDE FONDS wat deur die KOMMISSARIS goedgekeur is as 'n bewaringsfonds sal uitgevoer word in voldoening aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se Praktyknota RF 1/98 en enige daaropvolgende wetgewing of statutêre praktyk.

Sodanige keuse, insluitend die volledige besonderhede van die GOEDGEKEURDE FONDS waarna die voordeel oorgedra moet word, moet binne 3 (drie) maande na die datum van diensverlating skriftelik by die TRUSTEES ingedien word, in gebreke waarvan die voordeel ingevolge reël 9.1 aan hom betaal word.

**9.3 UITGESTELDE VOORDEEL**

9.3.1 Indien 'n LID in sy werk as PREDIKANT verplig word om lid van 'n ander GOEDGEKEURDE FONDS te word, word die LID geregtig op 'n uitgestelde emeriteringsvoordeel in die FONDS. In so 'n geval word sodanige LID geregtig op 'n uitgestelde emeriteringsvoordeel gelyk aan die voordeel ingevolge reël 9.1 tesame met rente teen 'n koers soos bepaal deur die AKTUARIS met inagneming van die netto opbrengs verdien op die belegging van die bates van die FONDS, tot op datum van betaling van sodanige uitgestelde voordeel.

9.3.2 Geen verdere bydraes is ten opsigte van sodanige LID na die datum waarop hy lid van 'n ander GOEDGEKEURDE FONDS word betaalbaar nie, tensy hy voor die EMERITEERDATUM uit die ander GOEDGEKEURDE FONDS tree en weer 'n LID van die FONDS word.

9.3.3 Sodanige uitgestelde emeriteringsvoordeel is vanaf die EMERITEERDATUM betaalbaar.

9.3.4 Indien sodanige voormalige LID voor bereiking van die EMERITEERROUDDOM te sterwe kom, word die waarde van sy uitgestelde emeriteringsvoordeel, soos op die datum van sy sterfte, ooreenkomstig reël 11.4 betaal.

**9.4 VOORDEEL WAAR LID BEROEP WORD NA KERKVERBAND MET WIE DIE KERKE IN ENGER KORRESPONDENSIE STAAN**

Indien 'n LID beroep word na 'n kerkverband met wie die KERKE in enger korrespondensie staan, sal een van die volgende van toepassing wees:

- 9.4.1 Waar die betrokke PREDIKANT laat blyk dat hy in die toekoms weer terug beroep kan word as PREDIKANT van die KERKE word die PERSOONLIK REKENING binne die FONDS behou en volgens reël 9.3 van die reglement hanteer.
- 9.4.2 Waar die betrokke PREDIKANT aan die TRUSTEES bevestig dat hy nie in die toekoms terug beroep kan/wil word nie, is die voordeel in terme van reël 9.1 of 9.2 betaalbaar.

## REËL 10

### VOORDELE GEDURENDE TYDELIKE AFWESIGHEID

- 10.1 Indien 'n LID met die toestemming van sodanige LID se KERKRAAD tydelik afwesig is van diens en die volle bydraes deur en namens die LID voortgesit word, word die LID se lidmaatskap van die FONDS en die voordele met betrekking tot die LID nie geaffekteer nie; met dien verstande dat enige sodanige voordele wat by 'n VERSEKERAAR verseker is, onderworpe is aan sodanige beperkinge en bepalings as wat die VERSEKERAAR wat die voordele soos in reël 8 bedoel onderskryf mag bepaal.
- 10.2 In die geval waar betaling van bydraes deur en namens die LID opgeskort word, is die maksimum tydperk van goedgekeurde afwesigheid 24 (vier en twintig) maande en geen emeriteringsvoordele val die LID toe met betrekking tot sodanige tydperk van afwesigheid nie. Die LID hou op om vir die voordele waarvoor in reël 8 voorsiening gemaak word te kwalifiseer en sou sodanige LID gedurende die tydperk van afwesigheid sterf, is die bepalings van reël 6 of 9 van toepassing.
- 10.3 Die KERKRAAD mag 'n LID se PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT gedurende die tydperk van goedgekeurde afwesigheid hersien; met dien verstande dat die PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT vir doeleindes van voordele wat by 'n VERSEKERAAR verseker is, onderworpe is aan sodanige beperkinge en bepalings as wat die VERSEKERAAR wat die voordele soos in reël 8 bedoel onderskryf mag bepaal.

## REËL 11

### ALGEMEEN

- 11.1 **ONVERVREEMBAARHEID VAN VOORDELE**
- 11.1.1 Behalwe vir soverre toegelaat deur die WET, die INKOMSTEBELASTINGWET, die Wet op Onderhoud 1998 (Wet 99 van 1998), die Wet op Egskeiding 1979 (Wet 70 van 1979) en reëls 11.4 en 11.12 van hierdie reglement, mag geen voordeel of reg daartoe waarvoor in hierdie reglement voorsiening gemaak is (insluitend 'n aangekoopte pensioen of 'n pensioen wat deur die FONDS vir 'n BEGUNSTIGDE van 'n VERSEKERAAR aangekoop staan te word) of reg met betrekking tot bydraes gemaak deur of namens 'n LID, verminder, oorgedra, gesedeer, verpand, met verband beswaar word, op beslag gelê word of onderwerp word aan enige vorm van uitwinning onder 'n vonnis of bevel van 'n geregshof nie.
- 11.1.2 Indien 'n BEGUNSTIGDE sou poog om 'n voordeel of 'n reg tot 'n voordeel oor te dra, te sedgeer, te verpand of met 'n verband te beswaar, mag die TRUSTEES aandui dat betaling van sodanige voordeel teruggehou of opgeskort word of dat sodanige voordeel mee gehandel word ooreenkomstig reëls 11.4.4, 11.4.5 of 11.4.6, na gelang van die geval.

- 11.1.3 Onderhewig aan artikel 37B van die WET, indien die boedel van 'n **BEGUNSTIGDE** gesekwestreer word of oorgegee word, word sodanige voordeel nie as 'n bate in sodanige **BEGUNSTIGDE** se boedel geag nie en mag dit op geen manier hoegenaamd op beslag gelê word of in aanmerking geneem word deur die kurator van die insolvente boedel of die **BEGUNSTIGDE** se skuldeisers nie, nieteenstaande enige strydige bepaling vervat in enige wet met betrekking tot insolvensie.
- 11.1.4 Onderhewig aan artikel 37C van die WET, word 'n voordeel wat met betrekking tot 'n oorlede LID betaalbaar is nie geag as 'n bate in sodanige LID se boedel nie.

## 11.2 **GROTER VOORDELE**

Daar mag nie groter voordele toegestaan word as die bedrag van die LID se **PERSOONLIK REKENING** nie.

## 11.3 **OORDRAGTE VAN OF NA ANDER FONDSE**

- 11.3.1 Die **FONDS** is by magte om oordragte van gelde en besigheid vanaf ander **GOEDGEKEURDE FONDSE** te ontvang of om gelde en besigheid na ander **GOEDGEKEURDE FONDSE** oor te dra; met dien verstande dat enige sodanige oordrag na of vanaf 'n **GOEDGEKEURDE FONDSE** wat deur die **KOMMISSARIS** goedgekeur is as 'n bewaringsfonds uitgevoer sal word in voldoening aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se Praktyknota RF 1/98 en enige daaropvolgende wetgewing of statutêre praktyk. Die LID se **PERSOONLIK REKENING** in die **FONDS** sal by sodanige oordragte regstreeks deur die **FONDS** ten behoeve van die LID na die betrokke **GOEDGEKEURDE FONDSE** oorgedra word, waarna die **FONDS** geen verdere verpligting teenoor die LID het nie.
- 11.3.2 Nieteenstaande enige ander toepaslike bepalings in hierdie reëls, sal die volgende bepalings van toepassing wees vanaf die effektiewe datum van die oordrag tot en met die datum van die uitbetaling van die LID se bates wanneer 'n LID na 'n ander **GOEDGEKEURDE FONDSE** oor dra:
- \* Geen verdere bydraes word deur en namens die LID aan die **FONDS** betaal na die effektiewe datum van die oordrag nie;
  - \* Indien sodanige LID sou **EMERITEER** voor voltooiing van die oordrag, word die LID geregtig op 'n pensioen wat deur die LID se **PERSOONLIK REKENING** op die effektiewe datum van die oordrag aangekoop kan word, verhoog met die **BELEGGINGSOPBRENGS** tot die datum van **EMERITERING** en is die bepalings van reël 6 mutatis mutandis van toepassing;
  - \* Indien sodanige LID sou sterf voor voltooiing van die oordrag, word die LID se **PERSOONLIK REKENING** op die effektiewe datum van die oordrag, verhoog met die **BELEGGINGSOPBRENGS** tot die datum van die LID se afsterwe, betaal volgens die bepalings van reël 11.4;
  - \* Indien sodanige LID se diens beëindig sou word voor voltooiing van die oordrag, word die LID se **PERSOONLIK REKENING** op die effektiewe datum van die oordrag, verhoog met die **BELEGGINGSOPBRENGS** tot die datum van diens beëindiging, aan die LID betaal;
  - Enige bedrag wat alreeds aan die LID betaal is voor die voltooiing van die oordrag sal afgetrek word van die bedrag wat aan die LID toegewys is in die oordrag.

#### 11.4 **BETALING VAN VOORDELE**

- 11.4.1 Indien 'n voordeel betaalbaar word, sorg die TRUSTEES binne 30 (dertig) dae vanaf die datum waarop die voordeel betaalbaar geword het of die datum waarop kennis ontvang is dat die voordeel betaalbaar geword het, wat ookal die laatste is, dat die bedrag wat die voordeel verteenwoordig, belê word in 'n produk of beleggingsvoertuig soos van tyd tot tyd deur hulle bepaal tot die werklike datum van betaling van die voordeel.
- 11.4.2 Onderworpe aan reëls 11.4.4, 11.4.5, 11.4.6 en 11.12, word voordele wat ingevolge hierdie reglement aan 'n persoon wat nog in die lewe is, betaalbaar is, aan sodanige persoon betaal.
- 11.4.3 Onderworpe aan die bepalings van reëls 11.4.4 en 11.4.6 word daar met 'n voordeel wat as gevolg van 'n LID se afsterwe betaalbaar word, deur die TRUSTEES soos volg gehandel:
- \* Indien die TRUSTEES binne 12 (twaalf) maande na die dood van die LID van 'n AFHANKLIKE of AFHANKLIKES van die LID te wete kom of 'n AFHANKLIKE of AFHANKLIKES van die LID opspoor, word die voordeel aan sodanige AFHANKLIKE of, wat billik geag word deur die TRUSTEES, aan een van sodanige AFHANKLIKES of in verhoudings aan sommige van of al sodanige AFHANKLIKES betaal.
  - \* Indien die TRUSTEES nie binne 12 (twaalf) maande na die dood van die LID van 'n AFHANKLIKE te wete kom of 'n AFHANKLIKE opspoor nie, en die LID 'n BENOEMDE skriftelik by die FONDS aangewys het om die voordeel of so 'n gedeelte van die voordeel as wat die LID skriftelik aan die FONDS meegedeel het te ontvang, word die voordeel of so 'n gedeelte van die voordeel aan sodanige BENOEMDE betaal; met dien verstande dat waar die totale bedrag van die skulde in die boedel van die LID die totale bedrag van die bates in die boedel te bowe gaan, soveel van die voordeel as wat gelyk is aan die verskil tussen die totale bedrag van skulde en die totale bedrag van bates in die boedel inbetaal word en die balans van die voordeel of die balans van so 'n gedeelte van die voordeel as wat die LID skriftelik aan die FONDS meegedeel het aan die BENOEMDE betaal word.
  - \* Indien 'n LID 'n AFHANKLIKE het en die LID ook 'n BENOEMDE skriftelik by die FONDS aangewys het om die voordeel of so 'n gedeelte van die voordeel wat die LID skriftelik aan die FONDS vermeld het, te ontvang, betaal die FONDS daardie voordeel of gedeelte daarvan binne 12 (twaalf) maande na die dood van die LID aan sodanige AFHANKLIKE en/of BENOEMDE in die verhouding wat die TRUSTEES billik ag; met dien verstande dat hierdie reël slegs van toepassing is op die aanwysing van 'n BENOEMDE wat op of na 30 Junie 1989 gedoen is; met dien verstande voorts dat, ten opsigte van 'n aanwysing gemaak op of na sodanige datum, hierdie reël nie die TRUSTEES verbied om die voordeel aan óf 'n AFHANKLIKE óf 'n BENOEMDE, of indien daar meer as een sodanige AFHANKLIKE of BENOEMDE is, in verhoudings aan enige van of al sodanige AFHANKLIKES en BENOEMDES te betaal nie.
  - \* Indien die TRUSTEES nie binne 12 (twaalf) maande na die dood van die LID van 'n AFHANKLIKE te wete kom of 'n AFHANKLIKE opspoor nie en die LID nie 'n BENOEMDE skriftelik aangewys het nie of as die LID 'n BENOEMDE aangewys het om 'n gedeelte van die voordeel wat die LID aan die FONDS meegedeel het, te ontvang, word die voordeel of die oorblywende gedeelte van die voordeel na betaling aan die BENOEMDE in die boedel van die LID betaal of, indien daar nie ten opsigte van die LID 'n inventaris soos in die Boedelwet 1965 (Wet 66

- van 1965) omskryf, deur die Meester van die Hoëhof ontvang is nie, in die Voogdyfonds betaal.
- 11.4.4 Nieteenstaande die bepalings van reëls 11.4.2 en 11.4.3, betaal die TRUSTEES 'n enkelbedragvoordeel wat aan 'n minderjarige AFHANKLIKE of minderjarige BENOEMDE betaalbaar is, aan sodanige minderjarige se de jure voog in 'n enkelbedrag of in sodanige paaiemente wat die TRUSTEES van tyd tot tyd as gepas en in die beste belange van sodanige BEGUNSTIGDE beskou. Waar 'n voordeel in paaiemente betaal word, geld die volgende voorwaardes:
- \* Rente teen 'n koers deur die TRUSTEES bepaal, met inagneming van die BELEGGINGSOPBRENGS, word by die uitstaande balans van tyd tot tyd gevoeg.
  - \* Enige saldo wat aan sodanige BEGUNSTIGDE verskuldig is soos op die datum waarop sodanige BEGUNSTIGDE mondig word of sterf, welke ook al eerste plaasvind, word ten volle aan sodanige BEGUNSTIGDE of sy/haar boedel betaal, na gelang van die geval.
- 11.4.5 Sou die TRUSTEES besluit dat daar toepaslike en voldoende rede is waarom 'n voordeel nie aan 'n LID betaal moet word nie, mag die TRUSTEES, nieteenstaande die bepalings van reël 11.4.2, die voordeel:
- \* ten volle of gedeeltelik aan die LID se AFHANKLIKE of aan 'n trustee of voog vir die voordeel van sodanige AFHANKLIKE betaal, indien die LID poog om die bepalings van reël 11.1 te oortree; of
  - \* aan die LID se kurator vir die voordeel van die LID betaal, onderworpe aan die bepalings van artikel 37B van die WET.
- 11.4.6 Sou die TRUSTEES besluit dat daar toepaslike en voldoende rede is waarom 'n voordeel wat as gevolg van 'n LID se afsterwe ontstaan het nie aan 'n BEGUNSTIGDE betaal moet word nie, mag die TRUSTEES, nieteenstaande die bepalings van reëls 11.4.2, 11.4.3, 11.4.4 en 11.4.7, die voordeel:
- \* ten volle of gedeeltelik aan die BEGUNSTIGDE se afhanklike of aan 'n trustee of voog vir die voordeel van sodanige afhanklike betaal, indien die BEGUNSTIGDE poog om die bepalings van reël 11.1 te oortree; of
  - \* aan die BEGUNSTIGDE se kurator betaal, onderworpe aan die bepalings van artikel 37B van die WET; of
  - \* aan 'n trustee beoog in die Wet op die Beheer oor Trustgoed 1988 (Wet 57 van 1988) vir die voordeel van die BEGUNSTIGDE betaal.
- 11.4.7 Nieteenstaande enige teenstrydige bepaling in hierdie reël 11.4, mag die TRUSTEES 'n enkelbedragvoordeel betaalbaar aan 'n meerderjarige AFHANKLIKE of meerderjarige BENOEMDE in paaiemente betaal mits sodanige BEGUNSTIGDE skriftelik daartoe toegestem het; met dien verstande dat:
- \* die bedrag van die paaiemente, tussenposes van betaling, die koers waarteen rente bygevoeg sal word en enige ander bedinge en voorwaardes in 'n skriftelike ooreenkoms tussen die FONDS en die betrokke BEGUNSTIGDE openbaar word;
  - \* die ooreenkoms deur die FONDS of die BEGUNSTIGDE by skriftelike kennisgewing van hoogstens 90 (negentig) dae gekanselleer mag word;
  - \* indien die ooreenkoms gekanselleer word, word die balans van die voordeel ten volle aan die BEGUNSTIGDE betaal.
- 11.4.8 'n Besluit van die TRUSTEES ooreenkomstig reëls 11.4.5 en 11.4.6 (uitgesonderd 'n besluit om betaling aan 'n trust te maak) of 'n besluit om 'n enkelbedragvoordeel in paaiemente te betaal mag van tyd tot tyd verander word, mits sodanige nuwe besluit nie die bepalings van die WET oorskry nie.



### 11.5 **LAAT BETALING VAN VOORDELE**

Die TRUSTEES mag van tyd tot tyd, na oorlegpleging met die AKTUARIS, die tydperk bepaal waarbinne die verskillende voordele wat deur die FONDS betaalbaar word, betaal moet word sowel as die rente wat by die voordeel gevoeg moet word indien die voordeel na die verstryking van sodanige periode betaal word.

### 11.6 **BETAALMIDDEL**

Bydraes en voordele ingevolge hierdie reglement is in die wettige betaalmiddel van die Republiek van Suid-Afrika betaalbaar.

### 11.7 **GESKILLE EN KLAGTES**

11.7.1 Die TRUSTEES beskik oor alle klagtes by hulle ingedien. Vir hierdie doel mag die TRUSTEES die klaer of enige ander persoon versoek om sodanige addisionele inligting wat betrekking het op die klagte te verskaf, as wat hulle mag nodig ag om hulle in staat te stel om behoorlik daaraan aandag te gee.

11.7.2 Die TRUSTEES voorsien die klaer van hul skriftelike besluit rakende die klagte binne 30 (dertig) dae na ontvangs van die klagte of sodanige ander tydperk onderling skriftelik ooreengekom met die klaer.

11.7.3 Indien die klaer nie tevrede is met die besluit van die TRUSTEES nie, het die klaer die reg om te appelleer teen sodanige besluit binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae vanaf ontvangs daarvan.

11.7.4 Indien die TRUSTEES nie ontvangs van die klagte erken of reageer daarop binne die tydperk voorgeskryf in reël 11.7.2 nie, of indien die klaer nie tevrede is met die voorlegging van die klagte aan mediasie nie, of indien 'n wedersyds aanvaarbare ooreenkoms nie by wyse van mediasie bereik kan word nie, het die klaer die reg om die klagte voor te lê aan die BEREGTER.

### 11.8 **VERANDERING VAN REGLEMENT**

Die TRUSTEES kan te eniger tyd hierdie reglement wysig, mits sodanige wysiging nie strydig met die bepalings van die INKOMSTEBELASTINGWET en die WET is nie en mits die wysigings deur die REGISTRATEUR en die KOMMISSARIS goedgekeur word; met dien verstande dat enige wysiging tot die reglement wat na die mening van die AKTUARIS, die KERKRAAD se finansiële aanspreeklikheid ingevolge die reglement wysig, onderhewig sal wees aan die vooraf goedkeuring van die KERKRAAD.

### 11.9 **BEGUNSTIGDES IS UITGESTELDE SKULDEISERS**

Die BEGUNSTIGDES word as uitgestelde skuldeisers behandel en hulle vorderings teen die FONDS in hul hoedanigheid as BEGUNSTIGDES word nie vereffen totdat die vorderings van gewone skuldeisers betaal is nie.

### 11.10 **INSAE TOT DOKUMENTE VAN DIE FONDS**

'n LID het die reg om te alle redelike tye insae tot die finansiële state en die reglement van die FONDS te verkry. 'n LID het die reg om 'n afskrif van die finansiële state, die reglement en die jongste aktuariële verslag van die FONDS te kry teen betaling van 'n fooi soos van tyd tot tyd deur die TRUSTEES bepaal word.

### 11.11 **DIENSVOORWAARDES ANDERSINS ONVERANDERD**

Niks in hierdie reglement kan die reg van die KERKRAAD inkort om binne sodanige KERKRAAD se bevoegdheid enige PREDIKANT uit diens te ontslaan nie, of die reg van 'n PREDIKANT om, onderworpe aan diensvoorwaardes, uit die diens van die KERKRAAD te tree nie.

## 11.12 **GELDE VERSKULDIG AAN DIE KERKRAAD EN/OF DIE FONDS**

Behoudens die bepalings van die WET mag die TRUSTEES in opdrag van die KERKRAAD of die BEGUNSTIGDE, na gelang van die geval, die volgende bedrae uit voordele wat kragtens die reglement betaalbaar is, verhaal en die bedrae, waar nodig, oorbetaal aan die persoon of instansie aan wie dit verskuldig is:

- 11.12.1 enige bedrag aan die FONDS of die KERKRAAD verskuldig ten opsigte van 'n skuld van die LID wat voor 1 Julie 1977 ontstaan het;
- 11.12.2 skulde aan die KERKRAAD as gevolg van:
- (a) 'n lening deur die KERKRAAD aan die LID toegestaan om die LID in staat te stel om -
    - \* 'n lening af te los wat deur iemand anders as die KERKRAAD aan die LID toegestaan is teen sekuriteit van onroerende eiendom waarop 'n woning opgerig is of sal word wat deur die LID of 'n AFHANKLIKE bewoon word of sal word; of
    - \* 'n woning aan te koop, of grond aan te koop en 'n woning daarop op te rig, vir bewoning deur die LID of 'n AFHANKLIKE; of
    - \* aanbouings of veranderings aan te bring aan 'n woning wat deur die LID of 'n AFHANKLIKE bewoon word of bewoon sal word;
  - (b) 'n bedrag waarvoor die KERKRAAD aanspreeklik is ingevolge 'n waarborg verstrek ten opsigte van 'n lening deur iemand anders aan 'n LID toegestaan vir 'n doel in reël 11.12.2 (a) bedoel;
- 11.12.3 vergoeding vir enige skade wat die KERKRAAD gely het vanweë diefstal, oneerlikheid, bedrog of wangedrag deur die LID en ten opsigte waarvan die LID skriftelik aanspreeklikheid teenoor die KERKRAAD erken het, of vonnis teen die LID in 'n hof verkry is;
- 11.12.4 enige bedrag wat die FONDS volgens reëlings met, en namens, 'n BEGUNSTIGDE betaal het of sal betaal ten opsigte van:
- \* so 'n BEGUNSTIGDE se ledegeld van 'n mediese skema, wat anders as voorlopig kragtens die Wet op Mediese Skemas 1998 (Wet 131 van 1998) geregistreer is; of
  - \* 'n versekeringspremie wat betaalbaar is deur so 'n BEGUNSTIGDE aan 'n VERSEKERAAR; of
  - \* enige doel deur die REGISTRATEUR op 'n skriftelike versoek van die FONDS en op die voorwaardes wat die REGISTRATEUR bepaal, goedgekeur;
- 11.12.5 Die bedrag ingevolge reëls 11.12.1 en 11.12.2 word beperk tot hoogstens die bedrag wat ingevolge die reglement deur 'n BEGUNSTIGDE ingevolge die INKOMSTEBELASTINGWET as 'n enkelbedragvoordeel geneem mag word.

## 11.13 **ONTBINDING EN SAMESMELTING**

### 11.13.1 **ONTBINDING**

- (a) Die KERKE sal die reg hê om die FONDS te eniger tyd te beëindig onderworpe aan 2 (twee) maande skriftelike kennisgewing aan die FONDS. Die FONDS sal ook beëindig word indien die KERKE besluit om bydraes tot die FONDS te staak.
- (b) By ontbinding van die FONDS, stel die TRUSTEES 'n likwidateur aan, onderworpe aan die REGISTRATEUR se goedkeuring. Sodra die likwidateur se aanstelling deur die REGISTRATEUR goedgekeur word, hou die TRUSTEES op om hul amp te beklee en die magte, pligte en funksies wat ingevolge hierdie reglement aan die TRUSTEES toegeken is, gaan oor op die likwidateur.
- (c) Die likwidateur raadpleeg die AKTUARIS omtrent die waarde van elke BEGUNSTIGDE se belang in die FONDS en wend die bates van die

FONDS op 'n billike manier aan om te verseker dat uitgestelde emeriteringsvoordele vir die oorblywende LEDE by 'n VERSEKERAAR of ander GOEDGEKEURDE FONDS aangekoop word met die restant van die FONDS se bates (as daar is). Sodanige uitgestelde emeriteringsvoordele word aangekoop met die bedrag gelyk aan elke LID se PERSOONLIK REKENING asook elke LID se proporsionele gedeelte van die DATA- EN VERWERKINGSRESERWEREKENING en die RISIKO RESERWEREKENING in die FONDS, soos deur die AKTUARIS bereken; met dien verstande dat, indien die LID die likwidateur daartoe versoek, die betrokke LID se PERSOONLIK REKENING asook elke LID se proporsionele gedeelte van die DATA- EN VERWERKINGSRESERWEREKENING en die RISIKO RESERWEREKENING in die FONDS, soos deur die AKTUARIS bereken, in 'n enkelbedrag aan die LID betaal mag word.

Die likwidateur moet voormalige LEDE wat gedurende die onmiddellik voorafgaande tydperk van 12 (twaalf) maande die diens van die KERKRAAD vrywilliglik of weens inkorting of reorganisasie van personeel verlaat het as LEDE van die FONDS beskou wat op ontbindingsvoordele geregtig is; met dien verstande dat die voordele reeds aan hulle uitbetaal in ag geneem word by die berekening van die ontbindingsvoordele waarop hulle geregtig word.

- (d) Indien die FONDS kragtens artikel 28 van die WET beëindig of ontbind word, word alle gelde wat onopgeëis bly vir 'n tydperk van 6 (ses) maande na die datum waarop die betaling van voordele nadat voltooiing van alle nodige formaliteite begin het, deur die likwidateur tot voordeel van die betrokke BEGUNSTIGDE in die Voogdyfonds gestort, waarna daar geen verdere eis teen die FONDS ten opsigte van sodanige gelde bestaan nie. Die likwidateur dui in die finale likwidasierekening die bedrag wat sodanig betaal is, aan en voorsien terselfdertyd die REGISTRATEUR van 'n sertifikaat dat alle redelike stappe gedoen is om die betrokke BEGUNSTIGDES op te spoor. 'n Ouditeur wat deur die REGISTRATEUR goedgekeur is, sertifiseer die rekening as korrek.
- (e) Indien die FONDS kragtens artikel 29 van die WET ontbind word en die hofbevel nie artikel 410 van die Maatskappywet 1973 (Wet 61 van 1973) uitdruklik van toepassing maak nie en geen ander voorskrif aangaande die aanwending van onopgeëisde gelde maak nie, geld die bepalings van reël 11.13.1 (d).

### **11.13.2 SAMESMELTING**

Indien die KERKE saamsmelt met of verbonde raak aan enige ander liggaam, dit opneem of daarin opgeneem word, mag die betrokke partye, nieteenstaande die bepalings van reël 11.13.1, ooreenkom dat die FONDS nie ontbind nie, of in oorleg met die AKTUARIS maatreëls tref en ooreenkomste aangaan vir die samesmelting van die FONDS met die fonds vir die predikante van sodanige ander liggaam.

### **11.14 ONOPGEËISDE VOORDELE**

Die bepalings van die Verjaringswet, 1969, is van toepassing op voordele wat onopgeëis bly, behalwe voordele wat by die dood van 'n LID betaalbaar word.